

**Geagte Broer en Suster,**

Die Taakspan vir Sending wil u graag bedank vir u volgehoue ondersteuning van ons sendingaksies. Op die laaste bladsy van hierdie Oestyd, is 'n meningspeiling, sal u asb so vriendelik wees en die vorm vir ons voltooi. Maar eers, die nuus vanaf die sendingveld

**FRANKRYK: Corné en Sophie du Plooy met Claire, Thomas en Sébastien**

E-pos ontvang 12 Augustus 2010 :

Corne se Ma is in 'n êrnstige toestand in die Livingstone hospitaal in Port Elizabeth opgeneem. 'n Paar weke gelede het sy geval en haar heup baie erg gebreek. Na die operasie is sy terug na die ouetehuis in Middelburg, Kaap. Haar toestand het egter vinnig verswak en sy is toe terug PE toe met inwendige bloeding en sy het toe in 'n koma verval. Verder is haar niere en lewer besig om in te gee; Selfs voor al die gebeure, was sy nie in 'n goeie fisiese (en psigiese) toestand nie. Die drs sê dat hulle niks meer vir haar kan doen nie - behalwe om die pyn te verlig. Dit is net 'n kwessie van tyd ... Bid dus asseblief vir hulle.

**ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA**

Uittreksel van die Mei 2010 nuusbrieff wat ontvang is

Kambodja bly 'n spesiale land met baie spesiale mense. Gister het 'n vrou by my kom sit en ons het gepraat oor die droogte. Sy het glimlaggend vertel hoe die mense om die enigste waterpomp in die village vergader om water te kry. Al die ander wat saam gesels het wou graag waterpompe hê, sy sou tevrede wees net met 'n waterput. Dit is goedkoper maar ewe effektief sê sy. Bid asseblief ons land het dringend reën nodig.

**Bamboe Shoot Voedingskema**

Die meeste van die kinders wat op die voeding skema is ken nog nie die Here Jesus nie. Met elke maand se sak rys word die Goeie Nuus ook verkondig. Drie weeskinders wat op oupa en ouma se trapies geland het is nuwe toevoegings tot die voedingskema. Die oupa en ouma het begin om vrae te vra oor wie die Man Jesus is. Bid asseblief vir die 22 kinders tesame met hulle families wat hulp ontvang.

Bybels en Sangboeke is uit gegee. Sok se huiskerk is amper klaar gebou. Hy beplan om dit vir verskeie doeleindes te gebruik. Ek sal met my volgende nuusbrieff meer nuus hê.

**Veritas Kollege Kambodja**

Die afgelope maande was daar nogal baie uitdagings maar nog meer oorwinnings!!!! Een van die uitdagings was 'n Module 2 groep wat glad nie ons tyd en die VCCam fasiliteerders gerespekteer het nie. In die groep was daar ongelooflike hoogmoed oor vermoëns o.a. om Engels te kan praat. Dit is natuurlik nie ongewoon dat mense voel of dink dat hulle kwalifikasies hulle meer geskik maak nie – selfs die apostel Paulus het dit ervaar.

Ons het besef dit kon nie so aangaan nie en het dié groep meegedeel dat die opleiding nie sal aangaan nie. Dit het 'n ontploffing veroorsaak en woorde wat seer gemaak het is gesê. Konflik sal daar altyd wees, ons almal is uniek met eie idees - wat belangrik is, is hoe dit gehanteer word. Terug in die kantoor het ons saam gebid, vergewe en besluit om te doen wat ons glo Christus sou wou dat ons doen; om die module se aanbieding te voltooi. Die personeel het met harte van vergiffenis, in die outoriteit as VCCam fasiliteerders en 'n knop op hulle maag terug gegaan. Die fasiliteerders sê dat die groep handomkeer verander het!! Prys die Here!

Die afgelope week was Sok en Tharoath in 'n area waar daar nie meer water is nie en ook nie water te koop nie. Daar is slegs groen slymerige water in die rivier oor, wat vir hulle gekook is. Bid asseblief vir die fasiliteerders. Hulle kry huidiglik regtig swaar. Die hitte tesame met die humiditeit is so intensief dat orale rehidrasie sakkies die afgelope weke bygevoeg moes word by die span se opleidings toerusting!

Bid ook asseblief dat die regering die konstitusie sal aanvaar en dat ons geregistreer sal kan word. Dit is nogal 'n duur proses en moet deur 7 regerings 'vlakke' goed gekeur word. Dit gaan goed met die bediening, ons bereik ons doelwitte en groei saam. Ons as span het verlede maand 2 weke gehad waartydens ons saam om die tafel gesit het, vir personeel opleiding en beplanning. Ek prys die Here vir ons VCCam span.

Persoonlik

Liewe vriende/ ondersteuners

Hoop dit gaan goed met jou daar waar jy is en vir God dien. Dit gaan goed met my. Saam met die Khmer bid ek dat dit sal reën en dat die droë seisoen sal draai. Daar is seker van julle wat ook saam met my vooruitsien na 'n seisoen verandering, hetsy fisies of geestelik

Gedurende die week het ek van n ongelooflike bediening in Amsterdam gehoor (BBC radio) ... THE LONELY FUNERAL. Dit is die bediening van 'n stadsklerk wat verantwoordelik is vir die begrafnisse van mense wat alleen sterf (een man se tien kinders stel nie belang nie, moordenaars, onbekendes ens.). Hy het vertel hoe hy dit as 'n roeping sien om vir dié mense respek te betoon as hulle begrawe word. Hy sê dat elke mens 'n storie het en dat hy daarvoor gerespekteer moet word. Wel 'n digter het dit op sy hart gekry om vir elke alleen afgestorwene 'n gedig te skryf wat hy persoonlik by die begrafnis lees en nou... is daar 2 mense wat omgee by so 'n 'lonely funeral.

'Te Laat'

Al het die omgee in die storie my ongelooflik geraak is dit 'n verhaal van 'te laat'; te laat om verhoudings te bou, te laat om lief te hê, te laat om te vergewe, te laat om vrede te maak,... te laat.

Die afgelope maande het ek deur die boek 'The Peacemaker' van Ken Sande gewerk. Dit was 'n ongelooflike ervaring waar God direk met my gepraat het oor hoe ek soms vergewe ... voorwaardelik. Ek 'tag' dit dan met die mooi woord 'boundaries'. Dit was asof God my gekonfronteer het met dié woorde ... 'Ek vergewe jou, maar jy mag nie meer naby my kom nie, geen verhouding anders as 'n hoflike-glimlag-groet-kop knik nie. Ek moet mos darem groet, ons is mos boers/susters, ons is mos een'. Julle, dit het my tot in my voetsole geskok, ek kan my dit nie indink nie, ek kan nie sonder 'n verhouding met Hom bestaan nie. Ek het besef daar is geen keuse nie ... voorwaardelike vergifnis sal nie meer deug nie.

Seer het my toegevoel ... lank gelede se gister is opgehaal, dinge gesê oor verhoudings wat deur kulturele verskille besoedel was. Die seer was realiteit en ek kon nie op hou huil nie. Totdat ... my Bybelstudie die oggend by 1 Petrus stilstaan met die belofte dat daar 'n lewende hoop is vir my (jou), Hy gee vir my(jou) om met 'n ongekende liefde. God het vir my oopgebreek dat die gister ervarings, die gevoel van verwerping en alleenheid, die spykerskoen seer, die fondasie is vir die ongelooflike passie wat besig is om in my te groei vir eenheid in Christus en om 'n vredemaker te word. Hy het my trane afgevee en 'n jubel dans 'n my los gebreek. God, Sy woord, is ons Mentor by uitstek.

Waar staan jy ... hou jy vas aan die seer en onreg wat jou aangedoen is, of loop jy en huil terwyl jy die saaisak van vergiffenis dra? Vergiffenis is Sy wil, dit bring vrede en 'n hemelse oes, moenie wag tot dit te laat is nie.

Uittreksel uit verskeie e-posse ontvang

29 Julie 2010

Bietjie gefrustreerd met die uitdagings tov my motorfiets en rekenaar. Die rekenaar vries aan mekaar. Die 2de handse motorfiets wat ek gekoop het was so 'n gesukkel dat nie een van ons dit wou gebruik nie, ek moes dit verkoop. Bid asb saam dat met die geld wat ek beskikbaar het wettig 'n ander een kan koop, ons soek nou al 'n maand lank.

Ons het so bietjie hickups gehad met die opleiding tov die oor die grens ouens. Ons is egter ongelooflik dankbaar vir 'n God appointed meeting waartydens ons ingelig is tov gevare en die impak wat dit op VCCam kan hê. Ons glo dat die nie 'n toe deur is nie, maar nie die regte tyd.

11 Augustus 2010

Urgent prayer request: The Caombodian Governemnt – Ministry of Religion and Cults stop taking in applications for the registration of Christian Organisations. They said there are to many application already and those need to be considered first. They will let EFC know when new applications are permitted.

This is not a negative though it can become one if we are to punt on the spot to proof that we are running CCam/VNC legally. Please pray with us that the 'ban' of the government will be lifted soon and that we are protected of exposure'. The registration already proofed to be a tedious task, we really would like it to be finalized.

## **Allan en Ansie van der Merwe skryf uit GURUE - MOSAMBIEK**

Augustus 2010

Hallo aan almal wat gereeld ons nuusbrieff lees en Gurue bediening op die hart dra.

Dit gaan goed met ons projekte, die Woordskool is tans nie volledig nie, maar ons bid dat die Here weer die ouderlinge sal aanmoedig om terug te kom na die skool. Die een groep is baie getrou en gereeld hier, die ander groepie minder as gevolg van reen en hulle moet 20km+ met die fiets ry, om hier te wees.

Die radio projek het 'n nuwe programeerder en ook nuwe tessourier en sekretaris, hierdie keer vertrou ons dat dinge beter sal gaan as met die vorige outjies.

Ons het 'n paar diefstalle op die perseel gehad. Ons het sporadiese diefstalle in die verlede gehad, maar hierdie keer het hulle elke aand iets kom wegdra en sommer reg by die agterdeur goed gesteel. In ons omgewing begin dit al hoe meer 'n problem word, ons het geen heining om die plek nie en moes nood gedwonge 'n tweede nagweg in diens neem.

Ons bakkie se 4x4 is steeds stukkend, die sendeling saam met wie die parte gestuur is, het in Maputo gaan staan met 'n stukkende engine, nadat sy voertuig twee weke vir herstelwerk by 'n motorhawe was. Ons hoop om hulle in die week te sien.

Ons het hierdie maand 'n nuwe swart pastoor gekry vir ons gemeente Cirlani. Di is baie moeilik vir die pastoor om in die bos, ver van skole af vir sy kinders te bly. Op 'n vorige vergadering het die kerkraad besluit om liewer in die dorp in plaas van op die perseel waar ons woon 'n kerk te bou. Hulle het met die stadsklerk gaan praat en daar is 'n stuk grond in die dorp aangewys waar daar 'n huis vir die pastoor en ook 'n kerk gebou sal word, hy sal dan vanaf daar die buite wyke besoek en diens doen.

Die regering in Mosambiek het in Julie die verblyf en tydelike verblyfpermitte, sowel as visum kostes verhoog met meer as 1000%. Ons verblyf hier is onderhewig aan 'n jaarlikse hernuwing en met die huidige ruilkoers moet ons by 20 November 'n bedrag van R11 600 betaal vir die hernuwing daarvan. Ons vertrou die Here vir die fondse daarvoor, vir ons is dit onmoontlik om so 'n bedrag in so kort tydjie bymekaar te kry.

Bid saam met ons vir die volgende:

- Die projekte – dat dit sal voorgaan ongeag die daaglikse probleme
- Ons gesondheid en beskerming
- Ons kinders – dat die Here hulle steeds sal dra
- Fondse vir ons verblyf permitte

## **GURUE Radiobediening - MOSAMBIEK**

Nuusbrief 5 Julie 2010

Alles is nog wel met die bediening ten spyte daarvan dat ons een van die programvervaardigers, Adolfo, verloor het met die voortsetting van sy pastorale studies by Hefsiba Opleidingskollege. Ook blyk dit dat slegs twee rekenaars nog werkend is ten spyte van die vier geskenkte rekenaars wat Allen-hulle vroeër in die jaar saamgeneem het. As alles volgens plan verloop, vertrou ons dat die probleem opgelos sal wees met die aankope van twee nuwe rekenaars wat dan na Gurue vervoer sal word deur voornemende besoekers aan die area.

Briewe word steeds weekliks ontvang van luisteraars wat getuig van die effek wat die programme op die gemeenskappe het. Verlede week is berig ontvang van twee mans uit verskillende areas wat al vir jare van die kerk vervreemd was. Nadat hulle verskeie kere na die programme geluister het, het hulle tot die oortuiging gekom dat die Here hulle terugroep na die kerk en het hulle hulself kom aanmeld vir diens. Hulle getuienisse is opgeneem en oor die radio uitgesaai.

Met die hernuwing van ons ses-maandelikse lugtydaankope gedurende Junie is daar nie addisionele lugtyd bygevoeg vir die uitsaai van jeugprogramme nie. Daar sal eers ge-eksperimenteer word daarmee om te verseker dat die beste kwaliteit in inhoud verkry word alvorens die programme op die lug kom. Vyf-minute programme in Portugees is ook verkry vanaf "Focus on the Family – Africa" vir uitsaai op 'n daaglikse basis. Die programme word tans geëvalueer vir hul toepaslikheid in die Afrika konteks en veral in die Gurue Distrik.

Ons wil graag meer persoonlike inligting verskaf ten opsigte van die manne (4) wat die ateljee beman en die programme vervaardig sodat daar ook vir hul persoonlike omstandighede voorbidding gedoen kan word. Met hierdie nuusbrief val die kollig op David Murrupa.

David is gebore op 1 Januarie 1975 in die Gurue Distrik en gedoop op 5 Oktober 1991 in die Apostoliese Geloof Sending Kerk. Op 4 Junie 1995 tree hy in die huwelik met Teresa. Hulle het 5 kinders tw Emelita en Delfina (dogters), asook Manecas, Anselmo, en Helder (seuns). In November 1998 skryf hy in by 'n Bybelskool en aanvaar Jesus as sy Saligmaker en Verlosser die volgende jaar. Hy voltooi sy studies aan die Bybelskool einde Oktober 2001. Die volgende maand begin hy by die 'Infortem Institute of Formation of Teachers for Small Schools in the Bible'. Tussen 2002 en 2007 gee hy onderrig aan dienswerkers en ouderlinge in die kerk. In Julie 2007 aanvaar hy die roeping om radioprogramme te vervaardig by Omwiwa Yesu en voltooi sy opleiding suksesvol in November 2007. Op 13 November 2007 word die eerste programme uitgesaai oor Gurue Gemeenskapsradio. In April vanjaar word hy deur sy kerk aangestel as Pastoor.

Wat is sy behoeftes? David en sy gesin woon ongeveer 20km vanaf Gurue en moet hy daaglik die afstand reis om sy verpligtinge by Omwiwa Yesu na te kom deur van openbare vervoer gebruik te maak. Sy enigste bronne van inkomste is die maandelikse vergoeding van 2,000 Meticais (R500-R600) by die radiobediening en dit wat deur die gemeente voorsien word, wat karig is weens armoede wat floreer in die gemeenskappe.

Bid asseblief vir:

- David en sy gesin se behoeftes – dat die Here sal voorsien in elke behoefte (Fil.4:19);
- Die verkiesing van nuwe kandidate vir programvervaardiger, sekretaris en tesourier;
- Wysheid in die opstel van programme vir kinders en tieners; en
- Dank God vir getuienisse van mense wat deur die programme aangeraak is.

N.S. Besoek gerus die webblad [www.gurueradio.org.za](http://www.gurueradio.org.za) vir meer inligting en fotos.

## **Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE**

Jubileum 2010 : Een-Miljoen Bybels Dankseggingsprojek.

Sending Sonder Grense loods, ter viering van vyftig jaar in die bediening, die "Jubileum Dankseggingsprojek". Hierdie opwindende projek het nou begin. Ons beplan om die lande waar ons werk (soos Oekraïne, Moldawië en Roemenië) met Een Miljoen Bybels vir alle ouderdomsgroepe te oorstroom.

Baie mense glo dat daar nie meer 'n groot behoefte of dringendheid is om Bybels in Oos-Europa en China te versprei nie aangesien dit tog nou moontlik is om Bybels in hierdie lande te druk. Alhoewel Bybels beskikbaar is, het baie mense in ons hoof teikengroepe – die armes, verlatenes, verwaarloosdes en eensames – net nie toegang tot, of geld om hulle eie Bybel aan te skaf nie.

Ons is baie opgewonde om weereens hierdie nodige en lewegewende projek van Bybelverspreiding aan diegene wat waarlik God se Woord nodig het, te loots. Die oproep om Een-Miljoen Bybels te versprei neem ons weer terug na ons wortels-, ons fondasie om uitgehongerde siele se honger met die Woord van God te stil. 50 jaar terug, toe Sending

Sonder Grense nog as “Underground Evangelism” bekendgestaan het, was die organisasie se hoofdoel om Bybels in die kommunistiese lande in te neem en die onderdrukte Christene by te staan.

Dit was ons Here Jesus self wat hierdie ewige waarheid ten opsigte van die mens verdedig en uitgewys het: dat “die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan.” (Deuteronomium 8:3).

Verder het God lank terug met die profeet, Jesaja, gepraat en gesê dat Sy Woord, wat uit Sy mond uitkom “nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur” (Jesaja 55:11). Dit was die visie waarop ons Sending gegrond is, en waarop ons gaan voortbou, vir hierdie en die toekomstige generasies wat die Here ons geroep het om te dien.

Wil u dit dalk oorweeg om betrokke te raak en miskien ’n paar Bybels te borg? Ons kan ’n Bybel druk en dit plaas vir slegs R50.00. Kontak gerus vir Ds Leon Tait indien u hiertoe wil meehelp.

## LAUDIUM

Ons gemeente ondersteun die ‘Laudium Outreach Group’ finansieël en deur ons gebede (verwys na Gebedskalender).

Gebedsfokus: Ramadaan 11 Aug – 9 Sept 2010. Gedurende die 30 dae kan ons bid dat Moslems ’n bonatuurlike openbaring van die genade en liefde van Christus sal ontvang en ’n ontmoeting met die Here Jesus Christus sal hê en sal kies om Hom alleen te dien. As gelowiges in Jesus stem ons nie saam met Islamitiese idees, teologieë of gewoontes nie. Die 30 dae beweging beklemtoon God se liefde vir Moslems. Ons moedig alle gelowiges aan om ’n Gees van nederigheid, leifde, respek en diensbaarheid teenoor Moslems te toon. Daar is riglyne beskikbaar as u saam wil bid. Kontak Alet – 012 331 1311 of 079 680 9255. Bid vir Moslem oor die hele wêreld ! Asb.

Some prayer requests for Ramadan mentioned by Open Doors South Africa:

Syria:

- Pray for Christian publishers attending the book exhibition in Damascus.
- Pray that many people will buy Bibles and Christian books, often the only way for Muslim visitors to access Christian literature.

Lebanon:

- Thank God for the freedom that the Church enjoys.
- Pray that Christians will reach out to the many summer visitors who have little opportunity to hear the Gospel in their own countries.

Iran:

- Ask God to strengthen Christian prisoners to stand firm under interrogation.
- Pray that they would have peace as they think about their families back home and health as they endure terrible conditions.

Iraq:

- After seven years of violence, please pray that the Iraqi people will see the miracle of peace, reconciliation and security.
- Pray that church leaders will be able to encourage their members to stand firm despite the circumstances.

Somalia:

- Pray for Somali believers who continue to be exposed and killed for their faith in Christ by Al-Shabaab, who are implementing the harshest form of Shariah law across Somalia.

Zanzibar:

- Pray for courage for the few impoverished churches in Zanzibar to reach out in love to the Muslim community.

Comoros:

- Pray for opportunities for Christians on the Comoros Islands to meet and build strong, trusting relationships.

### **Navrae aangaande sendelinge**

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy - Ds Leon Tait Sending Sonder Grense 012-333 2470

Ds Hannes Peens (Limpopo) Koerde - Cobus de Waal 082 749 7846

Mosambiek radiostasie Japie en Ena le Grange

Allen en Ansie vd Merwe 012-331 3953

Gebedsketting Alet Briers

Laudium 012-331 1311

Alta Glas Koenie Goosen 084 652 8773 012 333 5325

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

Sendinggroete in Christus

Taakspan vir Sending

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)